

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 214

(April 1987)

Verlos en nie verlore

* * * * *

"Daarom moet ons GOD prys vir sy groot genade
wat HY in sy geliefde SEUN vrylik aan ons
geskenk het"

(Ef. 1:6)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Ek is uitverkies

Kan 'n mens dit sê?

"Ek is uitverkies". 'n Mens kan dieselfde vraag ook anders stel! Hoe weet 'n mens 'n boom is 'n goeie boom? 'n Mens sien dit natuurlik aan sy vrugte. 'n Goeie boom dra goeie vrugte. 'n Slegte boom dra slegte vrugte. Netso is dit ook by 'n mens. Kyk na die vrugte wat jy dra, dan sal jy weet of jy uitverkies is.

Maar daar is nog 'n manier hoe jy kan weet of jy 'n kind van die Here is. Rom. 8:16:

"Hierdie Gees (dit is God die Heilige Gees) getuig saam met ons gees *dat ons kinders van God is.*"

KAR VOOR DIE PERDE

'n Mens moet versigtig wees dat jy nie die kar voor die perde span as jy oor die uitverkiesing praat *nie*.

Dit is *nie* so dat God 'n mens uitverkies *OMDAT* jy glo *nie*.

Nee, juis die omgekeerde is waar. God verkies 'n mens uit *OM TE* glo. 'n Mens glo omdat God jou alreeds uitverkies het. In Ef. 1:4 leer die Here ons dat God sy kinders alreeds uitverkies het voordat Hy die wêreld geskep het. Dit is dus onmoontlik dat jou goeie werke selfs die allergeeringste bydrae kan lewer tot jou saligheid.

IN CHRISTUS

Daar is 'n baie goeie rede waarom God 'n mens uitverkies, en dit is omdat Christus deur sy versoeningswerk aan die kruis ons sondes voor God bedek.

Wanneer jy glo in Christus — en dan alleen! — is jy salig.

Daar is geen ander manier om die ewige lewe te bekom *nie*, as om dit te beërf *nie*. En dit spreek tog vanself: As 'n mens iets beërf, dan het jy nie daarvoor gewerk *nie*. Jy het dit nie verdien *nie*.

Wanneer God aan jou die ewige lewe gee, dan kry jy dit uit genade. God hoef dit nie aan jou te gee *nie*. Hy gee dit aan jou uitsluitlik omdat Hy 'n genadige God is.

Christus is die deur vir sy skape. Daar is geen ander manier om in die kraal te kom as net deur hierdie hek *nie*.

In die nuwe Jerusalem sal slegs diegene ingaan wie se name opgeskryf staan "in die boek van die lewe van die LAM." (Openb. 21:27.)

VERWERPING

Die verskriklike teendeel van om uitverkies te wees, is om verwerp te wees.

Wanneer jy uitverkies is, dan is dit uitsluitlik God se genade, maar as jy verwerp word, dan is dit weer geheel en al jou eie skuld.

As jy hel toe gaan, kan jy dit nie voor die deur van God lê *nie*, want Hy het die mens *goed* en na sy ewebeeld geskape.

Hy het Adam en Eva sonder sonde geskape, maar hulle het hulleself in sonde gedompel deur hulle eie ongehoorsaamheid.

Wanneer God jou uitverkies, dan verkies Hy jou *UIT* die sonde-ellende waarin jy lê - en Hy verkies jou uit *TOT DIE EWIGE SALIGHEID*.

HEILIG

'n Uitverkore mens is iemand wat *heilig* is — omdat God hom heilig en onberispelik gemaak het.

Om voor God in die ewige saligheid te kan verskyn, moet jy heilig wees, d.w.s. sonder sonde. Self kan jy nie so wees nie. Maar nou kom God, en Hy maak jou rein. Hy was jou met die bloed van Christus — buite jou toedoen om! — sodat jy nou waardig is om voor Hom te mag verskyn.

Christus se versoeningswerk is genoegsaam om die sondes van alle mense af te was, maar slegs dié, en dié almal, vir wie God uit sy vrye welbehae met die geloof begiftig.

Hulle omhels daardie weldaad van Christus, en gryp dit met 'n ware geloof aan — en word gered!

Ps. 116:7 (berymd)

"Wat kan 'k die HEER vir al sy guns vergeld?
Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?
Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade
en by die kelk van heil sy Naam vermeld."

Ds. A. H. Grové

God herstel die gevalle mens

Toe God mense gemaak het (Gen. 1), was hulle:

- beelddraers van God (Gen. 1:26)
- verteenwoordigers van God
- die kroon van Sy skepping

Ja, die mens is "net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak" (Ps. 8:6).

Maar helaas — ons lees in Gen. 3 dat die mens gesondig het . . .

- nie meer verteenwoordiger van God nie, maar van die Satan.

Die sonde het die beeld van God in die mens verwoes. Dood en ellende het sy deel geword!

En dis die rede hoekom Jesus Christus aarde toe kom: Omdat God sy kind se sonde wou wegneem. Die beeld van God moes herstel word . . . die gevalle mens moes weer opgerig word.

En weet jy, geliefde leser, die Bybel sê:

- Die mens sondig . . . God vergewe
- die mens val . . . God rig op
- die mens word geslaan . . . God genees.

Lees gerus Hosea 6 in die Ou Testament. Die volk van God het diep gesondig. Toe trek God Hom terug van hulle . . . sodat hulle kon besef: Sonder God . . . is *niks* moontlik nie. En dan ervaar en besef hulle dit. Hosea 6:1 sê: "Kom ons gaan terug na die Here, want Hy het ons verskeur, maar sal ons weer gesond maak; Hy het ons geslaan, maar sál ons wonde verbind!" Ja . . . God herstel die gevalle en verslane mens.

Dis tog die kruks van die lewe, nie waar nie? Dat God soos 'n bekwame geneesheer met vaste . . . dog sagte hand, wonde sny in ons lewe, om dit later weer toe te werk.

Jy het dit tog al ervaar? Dus moet almal hierdie lang en steil lewenspad aflê . . .

- 'n pad van worsteling
- van stryd
- van pyn en smart
- van diepe sonde soms

En telkens kom God se versekering in sy Woord: Gló in Christus . . . en jy *sal* gered word.

- God verskeur . . . om te genees
- God slaan . . . om te verbind
- God kasty . . . om te vertroos

En as jy en ek sondig? Sondig te midde van sy beproewing? Dan nog steeds herstel en rig God op. Want dis Sy belofte in Ps. 73:

Dat ek, na die dag van aardse stryd, opgeneem sal word in heerlijkheid. Daarom moet ons bede wees — en só ook ons hele lewe: Here, wees my, arme sondaar, genadig!

Ds. Nico Ligthelm

God is deur Christus regverdig en barmhartig

Die Bybel sê dit . . . en só bely die kerk dit nog altyd:

- God is regverdig *en* barmhartig
- En Hy *is* so deur Jesus Christus.

Kom ons probeer in 'n enkele sin of twee vir ons duidelikheid kry oor hierdie twee begrippe.

GOD IS REGVERDIG

As die Bybel die woord "regverdig" gebruik, gebeur dit altyd in juridiese sin . . . in regsterme. En dan hou hierdie woord die gedagte in van: Om - *REG* te verskaf aan die *verONREGte*. En juis daarom vind ons in die Bybel dat, as dié woord regverdig gebruik word, God as *Regter* geteken word - . . . bv. PSALM 7:12: "God is 'n regverdige regter". Regverdig beteken dus: VRYSPRAAK . . . die sondaar wat die dood skuldig is . . . betree God se regsaal om aan te hoor:

- Jy is regverdig . . .
- Jy is vrygespreek . . .
- Aan jou is reg verskaf . . . En dit alles slegs deur Jesus Christus!

GOD IS BARMHARTIG

"Barmhartig" is weer 'n verbondsterm. In die Ou Testament word dié woord gebruik in 'n verbondsluiting, waarin uitdrukking gegee word:

- dat dié een wat barmhartigheid bewys, ten volle lojaal en goedgesind is . . .
- dat die "verbondsvennote" 'n eenheid is!
- dat daar "jammerhartigheid" is.

En só word God gereken:

- as barmhartig in Sy woorde
in Sy dade
in Sy vergewing
in Sy beskerming

SAAMGEVAT

God is regverdig . . . en barmhartig!

- Regverdig: Deur Christus te stuur
- Barmhartig: Deur/ou sonde te vergewe!

DUS: In sy regverdigheid, betoon God barmhartigheid . . .

OF: In die stuur van Christus na die aarde (regverdig), betoon God vergifnis van sonde (barmhartig).

Ds. Nico Ligthelm

Christus is mens (Seun van die mens)

Kersfees bly iets wonderliks.

Dit is wonderlik om selfs in Meimaand Kersfees te vier.

Die wonderlike van Kersfees waaroor mens jou enige tyd kan verbly, is alleenlik geleë in die feit dat Jesus Christus, die Seun van God en van ewigheid as self God, ook volwaardige mens geword het om ons sondes op Hom te neem.

Die engel Gabriël het hierdie wonder aan Maria meegedeel: "Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word" (Luk 2:35).

Gebore uit Maria, uit die geslag van Dawid, is Jesus waaragtig mens, aan al sy broers gelyk uitgesonderd die sonde. Van Hom word daar nou ook op talle plekke in die Bybel (82 keer in die Nuwe Testament) gespreek as "die Seun van die mens". In die Evangelie kom dit veral voor as titel wat Jesus Homself toe-eien (Matt 8:20; 9:6; 10:12 en ander plekke).

Hierdie wonder van Jesus se menswording kan ons alleen deur die geloof verstaan.

Wie hierdie wonder nie glo nie, lewe in die gees van die Antichris. God sê deur sy apostel Johannes: "Hieraan ken julle die Gees van God: Elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is". (1 Joh. 4:2 + 3.)

In hierdie wonder vind ons nou God se onuitspreeklike liefde. God die Vader wat sy Seun nie teruggehou het nie, maar na hierdie wêreld gestuur het sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe mag hê. God die Seun wat ook gewilliglik mens geword het as die enigste volkome Verlosser en Middelaar vir jou en my as sondaarmense.

Christus is daarom ook geen ongevoelige toeskouer in ons stryd teen die duiwel nie.

Hy weet wat ons moet doen en moet deurmaak Hy het dit immers self as mens deurworstel Meer nog, as Seun van die mens het Hy hierdie stryd vir ons as mense ook oorwin.

Ons kan Hom dus nooit genoeg dank dat Hy nie geskroom het om net soos een van ons te word nie. Verder kan ons Hom ook nooit genoeg dank en prys dat Hy nie 'n sondaar was soos een van ons nie. Dan was daar vir die sondaarmense geen redding moontlik nie. Hy sou dan nie vir ons sondes nie, maar vir Sy sondes moes betaal. Daarom sê Pilatus ook: "Ek vind geen skuld in dié Man nie." As jy deur al jou sondes ook reeds van God vervreemd is, dan het jy, soos alle ander sondaarmense, 'n Middelaar nodig wat hierdie onoorbrugbare kloof kan oorbrug. In die brief van Paulus aan Timoteus gee God ook aan jou die antwoord: "daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus" (1 Tim 2:5). Deur gelowig vas te hou aan Jesus Christus, die Seun van die mens, kan die ware vreugde van Kersfees ook in Meimaand jou deel wees.

Ds. Sarel Cilliers

Christus is God — (Seun van God)

"Hy sal groot wees en die Seun van
die Allerhoogste genoem word"
(Luk. 1:32)

So word die Here Jesus se geboorte aan Maria voorspell!

Die Here Jesus: Seun van God. So baie mense sien Jesus Christus as die groot liefdesdissipel. So baie ken Hom nie as die Seun van God, wat waarlik self ook God is nie! Nee, Jesus, die Christus is waarlik God.

Ons sien Hom in die Bybel as 'n kindjie gebore uit Maria. Ons sien Hom weer by die tempel en later as jong seun op die trappe van die tempel. Dan dink baie, maar dit is maar net 'n mens. Later sien ons Hom by die versoeking in die woestyn en dan nog weer wanneer Hy Sy dissipels roep.

Dan dink baie, maar dit is 'n besondere goeie mens. 'n Bietjie later sien ons Hom aan die werk.

- Hy verander water in wyn
- Hy vermeerder 5 brode en 2 visse en voed oor die vyfduisend mans alleen
- Hy loop op die see
- Hy maak siekes gesond
- Hy laat kreupeles loop
- Hy maak 'n storm stil
- Hy laat blindes sien
- Hy genees melaatses
- Hy dryf duiwels uit
- en ja dit ook . . . Hy wek dooies op!

Nou sien ons Jesus Christus met al sy goddelike mag. Nie net 'n mens nie, maar ook God. Hierdie Jesus is waarlik God.

Sy Goddelike natuur was nog altyd daar en sal altyd daar wees.

In Sy godheid het Jesus mens geword. Soos enige klein kindjie gebore — toe was die Godheid reeds in Hom.

Maar die Godheid het vlees geword.

In Jesus het die Godheid mens geword.

Ons vlees en bloed aangeneem — die mens volkome gelyk, behalwe die sonde.

Jesus: Ten volle mens

Jesus: Waaragtig God

U sal nou vra: Hoekom waaragtig God?

Ter wille van elke bekeerde sondaar

Ter wille van u en my!

Die mens Jesus kon die straf op ons sondes nie alleen dra nie.

Die mens Jesus sou onder die toorn van God vergaan. Die mens Jesus sou nie uit die dood opgestaan het nie.

Maar Jesus as God, kon die toorn dra, Hy as God, kon die straf op ons sondes op Hom neem, Hy kon uit die graf opstaan en die dood oorwin. Jesus Christus, ware mens en God, het as Middelaar vir ons ingetree.

Jesus staan tussen God en die mens, met 'n ware menslike natuur wat Hy ontvang het uit die maagd Maria — en 'n ware Goddelike gees wat Hy ontvang het toe die Heilige Gees oor Maria gekom het.

Dit alles, dat ons vrede by God kan hê, ons met God versoen is. Jesus open vir u en my die hemel sodat ons die Hemel kan binnegaan.

Jesus die Seun van God

Hy is ons Verlosser, ons Borg, ons Middelaar en dit is Hy as Seun van God.

Sien u Jesus as mens?

Sien u Jesus nou ook as God?

Sien u Jesus Christus as u Verlosser?

Ds. Leo van Schaik